

Skriflesing: Mattheus 21:33-46

Teks: **Mattheus 21: 37-39**

Sing- Sb 8:1,4 (5-3:1,4) ; Ps. 118:10; Ps. 118:11,13

Mat 21:33 Luister na 'n ander gelykenis: Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan.

Mat 21:34 En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang.

Mat 21:35 Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig.

Mat 21:36 Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak.

Mat 21:37 Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien.

Mat 21:38 Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem.

Mat 21:39 En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak.

Mat 21:40 Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen?

Mat 21:41 Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee.

Mat 21:42 Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë?

Mat 21:43 Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.

Mat 21:44 En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.

Mat 21:45 En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek.

Mat 21:46 En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het.

Skriflesing: Mattheus 21:33-46

Teks: **Mattheus 21:37-39**

Sing- Sb.8: 1,4 (5-3:1,4) ; Ps. 118:10; Ps. 118:11,13

Ons het verlede Sondag al die eerste van die drie gelykenisse voor ons gehad. Broeder en suster, vandag die tweede gelykenis maar is dit vandag ook die dag wat ons noem Goeie Vrydag. Ons besef vandag is die dag van ons Here Jesus Christus se dood. Die Seun van God is doodgemaak. Al was dit nog dié Dinsdag toe Jesus ook hierdie tweede gelykenis vertel het, kan ons dit duidelik raaksien, Jesus vertel dit met die oog op Vrydag. Ons het in hierdie reeks van Jesus se laaste week op aarde elke keer dit moes raaksien dat die erkenning van Jesus se identiteit, die erkenning van Jesus se gesag, het die groot vure aan die brand gesteek.

Vrydag - 18 Apr. 2014 (Goeie Vrydag)

Ons kan aanvaar dat Jesus vertel hierdie gelykenisse nie maar net om mense meer van die lewe te leer nie, nêe, hierdie gelykenisse gaan in elke besonderheid daaroor in wat daar met Jesus sal gebeur. In wat daar met Hom gedoen sal word. Jesus het al in die vorige gelykenis waarna ons verlede Sondag by was gewys hoe die Joodse leiers nie sy gesag aanvaar nie. Hulle is die mense wat maak asof hulle so godsdienstig is, hulle wat voorgee dat ons het vir die Here JA, gesê, maar as dit kom by wat werklik saakmaak dan is hulle lewe, 'n NEE lewe.

Daardie pa met sy twee seuns, het gewys op die moontlikheid wat God vir ons skep, dat al het ons 'n verkeerde lewe gelei, al is ons sonde baie en dit mag voel dat ek het van my lewe 'n gemors gemaak, dan is dit nie te laat nie. Ek kan verander, dinge kan reggemaak word, bekering is moontlik, my lewe wat lyk ek sê vir God nee, hoe wonderlik die dag wat kom dat my lewe my mond verbygaan. Ek begin die JA,-dinge vir God te doen, al het ek aanvanklik nee gesê.

Nou besef ons Jesus is besig met hulle wat maak asof hulle lewe 'n JA,-lewe is, die pa wat albei die kinders die wingerd instuur, daardie tweede kind het JA, gesê maar op die einde was daar niks gedoen nie. Ons gelykenis wat ons vanoggend lees is eintlik steeds met hierdie mense besig. Hulle wat JA sê, maar daar kom eintlik nog groter probleme met hierdie seun. Sy ja maar hy doen nee, laat Jesus in hom ons raaksien dat dit gaan nie maar net daaroor dat die seun sy pa geïgnoreer het nie, maar die seun bring die volk nog nader aan wat regtig besig was om te gebeur.

Wanneer Jesus die gelykenis vertel van boere wat 'n grondbesitter se diensknegte en later selfs die grondbesitter se seun doodmaak, dan is daar eintlik so baie op die spel, maar niks van die die dinge wat die Here hier vertel is moeilik om dit te verstaan nie. Die mense wat nie Jesus se gesag aanvaar nie, hulle wat ja sê maar nêe doen, hulle is die mense wat ons op hierdie goeie Vrydag mooi na moet kyk. Hulle weerstand teen Wie Jesus Christus is, het net meer en meer geword. Al het Jesus baie goed geweet wat die uiteinde van hulle optrede gaan wees, sal die Here hulle in die fynste besonderhede aan die kaak stel. Dit is presies waaroor die tweede gelykenis handel. Die Here gaan met hierdie gelykenis hulle in hulle geskiedenis en in hulle eie lewe ontbloot. Al was hulle die mense wat die Here hierdie Vrydag ontbloot het, al was hulle die mense wat Jesus gevange geneem het, Hom geslaan het, Hom beledig het, Hom veroordeel het, op Hom gespoeg het, Hom gekruisig het, alles op die Vrydag van Jesus se dood, maar ons besef die Here het hulle al daardie Dinsdag ontbloot. Die Here is

Vrydag - 18 Apr. 2014 (Goeie Vrydag)

hulle vêr vooruit want moes hulle besef dit wat met die seun in die gelykenis gebeur het, is presies wat julle met my gaan doen.

Die Here wys wat hulle geskiedenis vir hulle moet wys, maar die Here wys ook wat julle eie hande aan my gaan doen. Dit is mos altyd die bedoeling van geskiedenis, dit gaan nie maar net oor dinge wat in die verlede gebeur het nie, maar die geskiedenis bring saam die dinge wat eintlik maar in jou/my lewe ook weer kan gebeur. Die les wat die geskiedenis die mens moet leer maar waarby die mens so moeilik dit leer. Daardie dinge wat altyd by 'n hofsak na vore kom, dinge waarin mense hulle weerspreek, dinge wat wys op teenstrydighede, dinge wat die onwaarskynlikhede aan die dag moet lê.

Hierdie laaste week van Jesus se lewe op aarde wys op wat God vir julle as Jode tot nou tot wou doen. Wanneer ons lees van 'n grondeienaar en hy het 'n goedversorgde wingerd dan is dit duidelik die eienaar van die wingerd is God. Daar is so baie plekke wat ons weet dat God sy volk met 'n wingerd vergelyk. Psalm 80:9, ook groot dele van Jesaja 5. Alles in die gelykenis wys op hoë goed die wingerd versorg was. Daar was 'n heining, daar was 'n parskuip, daar was 'n wagtoring gebou. Hierdie grondeienaar (huisheer) toe dit tyd geword het vir die druiwe-oes het hy sy slawe, sy diensknegte na die landbouers daar in die wingerd gestuur om sy deel van die oes te gaan haal. Dit is boere wat die wingerde by die grondeienaar gehuur het en was hulle onder plig dat as die oestyd aanbreek dan moet hulle die eienaar van die wingerd sy deel gee. Die eienaar doen gewoon wat Hy geregtig is om te doen.

Nou moet ons onthou Jesus wat aan die Joodse leiers hierdie gelykenis vertel, waar pas julle in?! Julle is daardie landbouers. Julle die mense wat julle reeds weerspreek het, deur te vra na my gesag, maar as dit gaan oor die gesag van Johannes die Doper, dan weet hulle skielik nie. Die weerspreking loop oor tot 'n teenstrydigheid. Hulle weet nie dit wat Jesus hulle vra oor die gesag van Johannes die Doper nie, maar tog 'n pa wat sy seuns opdrag gee, gaan werk in my wingerd, op die vraag in daardie gelykenis het hulle 'n duidelike en reg antwoord. Die een wat ja gesê het, doen net mooi niks, die gesag van die pa dra nie werklik gewig by die seun nie, terwyl die ander seun die teenstrydigheid in sy eie lewe uitsorteer. Hy wat nee gesê het, maar tog ja gedoen het. Broeder en suster, is dit nie waaroor 'n groot deel van bekering oor handel nie, om die teenstrydighede in my lewe uit te sorteer. Die goeie wat ek wil dit doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek. 'n Teenstrydigheid so

Vrydag - 18 Apr. 2014 (Goeie Vrydag)

groot soos die lewe is. Die weersprekinge, die teenstrydighede in die lewe van die mense wat hulle teen Jesus opstel, sou net erger en erger word. As die mens sy eie reg wil uitwerk, dan is dit presies wat gebeur, dit werk nie uit nie. As ons vir ons eie reg moes opstaan, geliefdes dan was ons verlore en was die ellende onmeetbaar groot.

Die gelykenis wat Jesus vertel wys presies in die rigting. Hulle wat die dienaars van die huisheer aanval en doodmaak, u weet waarop Jesus sinspeel. Dit wys direk na wat in die geskiedenis gebeur het. Hulle voorvaders was nie ontvanklik vir God se profete nie. So het Jeremia dit al duidelik gemaak - *25 Van die dag af dat julle vaders uit Egipteland uitgetrek het tot vandag toe het Ek na julle al my knegte, die profete, gestuur, daagliks, vroeg en laat; 26 maar hulle het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard; hulle het dit erger gemaak as hul vaders* (Jer. 7:25-26). Hoe het dit nie in Jeremia se lewe uitgekom nie- Jer. 20:2- *2 Toe het Pashur die profeet Jeremia geslaan en hom in die blok gesit wat in die Boonste Poort van Benjamin was, by die huis van die HERE.*

Die geskiedenis bring saam die dinge wat eintlik maar in jou/my lewe ook weer kan gebeur. Wanneer Jesus met sy gelykenis rondte na rondte die kring om die mense begin trek dan hoor ons daar was 'n tweede sending van diensknegte, hulle lot was dieselfde. Dan volg ons teksverse op hierdie Goeie Vrydag- *Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur...* Dit is wat ons op 'n dag soos hierdie moet besef, geliefde broeder en suster, oplaas het God sy Seun na ons gestuur. Wat het die mens met hierdie Seun gemaak. Vandag wys dit aan ons, vandag sê dit aan ons- *39 En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak.*

Voor hierdie verskriklike daad was die verskrikking voorafgegaan deur 'n redenasie net so verskriklik... vers 38- *38 Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem.* U volg die lyn wat Jesus in sy gelykenis die punt van vergelyking maak. Die verskrikking wat vanuit die Ou Testament teen God se profete gevoer was, hulle wat die bevoorregte volk was, 'n volk wat 'n ryke erfenis in God se beloftes kon inwag, hulle maak lankal reeds God se dienaars stil, hulle maak die profete dood. Tog dink hulle dat hulle bly die erfgename, hulle dink hulle is die volk wat op God se erfdeel kan bly aanspraak maak, tot die laaste toe is die taal in daardie wingerd om van koud te word. *Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem.* Die brutaliteit wat selfs die huisheer in die gelykenis wou uitsluit. Hy is tog my kind... *hulle sal my seun ontsien...*

Op Goeie Vrydag, ja vandag staan ons steeds verslae en besef die skuld wat ons as mense op ons as mense moet lê. Daardie laaste week van Jesus se menslike, se aardse lewe, dit het vroeg uitgekom wat gaan gebeur. Sondag was daar gesing, woorde uit 'n Psalm wat vir die Jode goed bekend was- Eerste op die Sondag die pragtige dinge wat daar aan die buitewyke Jesus toegesing is- die *Hosannas* kon gehoor word, die mooie van Psalm 118 het met Jesus se intog gebeur- **19** *Maak oop vir my die poorte van die geregtigheid... ek wil daardeur ingaan... ek wil die HERE loof.* Veral het die skare vers 26 duidelik gesing- **26** *Geseënd is hy wat kom in die Naam van die HERE!*

Nou gebeur die groot ironie, onthou hoe die mens se lewe uit homself teenoor Jesus lyk, weersprekinge, teenstrydighede, onwaarskynlikhede... Wanneer Jesus hierdie Dinsdag met 'n gelykenis wys wat Vrydag met Hom gaan gebeur, dan gaan dit oor presies dieselfde Psalm, maar dit is nie nou 'n lofrede nie, dit word dié kruisrede...Watter weerspreking, watter teenstrydigheid... die onwaarskynlike word die waarskynlike... **22** *Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword.* **23** *Dit het van die HERE gekom; dit is wonderbaar in ons oë.* Vandag kan is dit konstateer- Die Jode het teen Jesus gestruikel. Al die waarskynlikhede het 'n werklikheid geword. Hy wat die belangrikste klip in die gebou moes wees, Hy wat die ankerklip moes wees, die hoekklip, die sluitsteen, ja daar is so baie name waarby ons hier klip kan noem, om die belang van hierdie klip te wys ... dit wat Jesus in ons gelese gelykenis vandag ook doen- **42** *Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë?*

Ons vier hierdie goeie Vrydag met die besef, nee.... dit gaan nie oor die dinge wat ek besef/weet nie, want al drie hierdie gelykenisse wat op daardie Dinsdag vertel word gaan nie oor die dinge wat ons weet nie, maar dit gaan oor wat ons houding is. Ons houding in wat Jesus gesê het, julle verloor julle posisie, julle het My as God se hoekklip wou uitskuif, God skuif julle uit. Julle is nie meer God se volk in die sin soos julle dit was nie. *Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra* (v. 43). Wie Christus nie meer as anker in sy lewe vashou nie, so een verloor meer as net sy anker, hy/sy verloor sy lewe... Ja, dit is Jesus Self wat met die gedagte van Psalm 118 nog weer terugkom... die hoekklip, die sluitsteen, wie so 'n klip uitsluit, het by 'n gevaarlike punt,

die gevaarlikste wat daar kan wees in sy lewe uitgekom... **44** *En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.*

Op hierdie goeie Vrydag, moet ek na myself kyk. Die vraag is, sou ek in God se wingerd 'n boer wees, sou ek my hande van daardie seun afgehou het. Niemand wat dit sal kan sê nie. Ons weet hoe ons lewens lyk, die verkeerde besluite, die verkeerde rigtings, die ellendige toestande wat ons oor onself bring. Al hoe ons koers kan hou, hoe ons weer koers kan kry, is om Jesus Christus die werklike Eienaar van jou/my lewe te erken. Wie Jesus Christus as hoekklip van sy lewe verwerp, het met 'n vermorsingsklip te doen. So een se lewe gaan vermorsel word. Daarom wanneer ons vandag na die kruis kyk, mag ons genade vind en God dank vir sy Seun wat ook vir my gesterf het. Hy wat die pad enduit geloop het, ons wat ongeag ons sondes behoue kon bly. Ja, ons besef die verskrikking van daardie Vrydag, hoe verskriklik om die hoeksteen op die groewe van die lewe te kruisig, om die hoeksteen op die groef te los, terwyl Hy die belangrikste is. Ja, as ons Sondag weer hier saam mag wees dan gaan ons verder. Dan die besef Jesus het Hom nie in die groef, in die graf gebly nie, Hy het opgestaan... Hy lewe, Hy nooi jou uit na 'n bruilofsmaal, maar wat maak jy met die uitnodiging?

AMEN